AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*

# WISKUNDIGE STATISTIEK

PRETORIA

Akademia is ʼn Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 op die Pretoria-kampus ʼn voltydse pos vir ʼn dosent in Wiskundige Statistiek in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar. Kandidate vanaf junior dosentvlak tot en met senior dosentvlak word aangemoedig om aansoek te doen.

## POSDOELSTELLING

ʼn Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. ʼn Dosent streef na erkenning as leier op ʼn vakgebied en verdieping in alle klasaanbiedinge.

## VERANTWOORDELIKHEDE

Verantwoordelikhede sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite vir ʼn kontakleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente
- betrokkenheid by Akademia in die algemeen

## POSVEREISTES

- ʼn doktorsgraad is die minimum vereiste vir ʼn senior dosentpos en hoër, ʼn meestergraad vir ʼn dosentpos en ʼn honneursgraad met gestruktureerde planne vir verdere studie vir ʼn junior dosentpos
- minstens vyf jaar vir ʼn senior dosentpos, minstens vier jaar vir ʼn dosentpos, terwyl ondervinding van tutorwerk of ander onderrigverwante aktiwiteite vir junior dosent oorweeg kan word
- die kennis en bereidheid om tydreekse en veelvoudige regressie te doseer is noodsaaklik
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia
- ervaring in die ontwikkeling van studiemateriaal sal in kandidate se guns tel

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ʼn spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe wees
- beskik oor vermoë om werk onder druk te voltooi
- ʼn ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou en ʼn liefde vir Afrikaans te hê

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 30 September 2025 ingedien word.** Stuur ʼn e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ʼn aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.